

## 20. Kerkargief en -museum

### 20.1 RAPPORT DEPUTATE KERKARGIEF EN -MUSEUM (Art.16)

A. Oudl. P.J. (Paul) Snyman stel die Rapport.

#### **B. RAPPORT:**

##### **1. Opdrag**

Die opdrag van die Sinode aan die Deputate vind u in die Acta 1994:418, 4.2 tot 4.8.

**Besluit:** Kennis geneem.

##### **2. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem**

###### 2.1 *Musea:*

###### 2.1.1 Burgersdorpse kultuur-historiese museum:

Die administratiewe veranderinge in die land raak ook die administrasie en toekoms van die museum. Dit ressorteer nou nie meer onder die Westelike Provinsie nie, maar onder die Oostelike Provinsie.

Die situasie is nog baie onduidelik en sensitief. Die Deputate het prof. B. Spoelstra versoek om in 1995 en 1996 soveel moontlik van die Trusteeraadsvergaderings by te woon totdat die nuwe bedeling gevestig is. Prof. Spoelstra was van die stigting af by die museum betrokke en dien volgens 'n ooreenkoms met die destydse KPA in die Trusteeraad as een van die verteenwoordigers van die Administrateur wat nou deur die Premier van die Oostelike Provinsie gehanteer word.

'n Nuwe kuratrisie naamlik mev. Kluys is aangestel en die museum verdien groot lof.

In die historiese geboue waarin die Teologiese Skool in 1869 begin het, is die PU vir CHO besig om hulle uitstalling te vernuwe.

###### 2.1.2 Die Potchefstroomse Kerkmuseum:

Die Deputate het aan die begin tegniese advies ingewin van mnr. Balti du Plessis van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum. Dit het geblyk dat 'n museum eers 'n wye versameling moet opbou om dan temas wat van tyd kan wissel, te kan uitstal. Die opbou van 'n wyse versameling is op hede dus 'n voorkeurbehandeling vir die Deputate.

As gevolg van verskillende omstandighede het die samewerking tussen die Deputate GKSA en die Potchefstroomse Stadsraad, wat die Totiusmuseum in die aangrensende gebou administreer, tot 'n einde gekom. Die Stadsraad wou die ooreenkoms wat die Kerkmuseum betref, nie hernu nie.

Die Deputate het toe vir br. M.P.A. Coetsee gevra om die Kerkmuseum te organiseer en sy werk was so suksesvol dat die museum reeds oop is vir die publiek en hy begelei gereeld besoekers.

Hy het die beskikbare items uitgestal in uitstalkaste wat teen 'n baie billike prys aangekoop is. Alle artikels, ook die wat nou nog bekom word, word aangeteken op 'n inventarislys en alles is ook op rekenaar aangebring. As gevolg van dit alles kon 'n versoek van die Laerskool Mooirivier om een van die vertrekke as klaskamer te huur, nie toegestaan word nie.

Die Deputate bring die Potchefstroomse Kerkmuseum onder die aandag van die Kerke en vra vriendelik dat persone en kerkrade sal meewerk om artikels vir die museum te versamel sodat dit verder uitgebou kan word.

Die Deputate verwys ook na die Bylae "Algemene riglyne vir onderskeiding van artikels vir die Kerkmuseum en Kerkargief".

## *2.2 Nasionale gedenkwaardighede:*

### *2.2.1 Woonhuis te Buffelsdoorn:*

Die onderhandeling met die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede (RNG) duur nog voort. Dit gaan daaroor dat die woonhuis van destydse komd. en oudl. P.J.W. Schutte as 'n Nasionale gedenkwaardigheid verklaar word.

Ds. D. Laufs het in hierdie verband goeie kontak opgebou met die betrokke bestuurders en skakelpersone van Anglo-American wat die myn beheer en die plaas besit.

### *2.2.2 Die Kerkhof te Buffeldoorns:*

Daar is nie heeltemal sekerheid oor wie se grafte op die plaas Buffeldoorns is nie. Pogings word aangewend om inligting daaroor te kry. Die grafte is ook onversorg en die Deputate probeer om 'n instansie te kry om daarvoor te sorg.

### *2.2.3 Krugerskraal:*

Die plaas van wyle dr. J.D. du Toit dien tans as 'n eindpunt vir 'n staproete. Die Administratiewe Buro is verantwoordelik vir die fisiese versorging van Krugerskraal. Br. M.P.A. Coetsee het ook hier, in die ou studeerkamer, 'n uitstalling aangebring om aan die werk van Totius te herinner.

2.2.4 Die Deputate het ook die Kerkargief en - museum by die Dept. Kerkgeskiedenis aanbeveel. Dit sal die Kerkargief in die toekoms te goede kom as teologiese studente daadwerklik daarmee kennis maak en dit gebruik. Om te begin het die Deputate die TSV gevra om iemand te benoem om met die Deputate saam te werk. Br. Herman Prinsloo is benoem en hy het waardevolle werk gedoen. Die Deputate versoek dat dit 'n permanente gebruik word vir die toekoms.

## *2.3 Die Deputate self:*

2.3.1 Van die oorspronklike Deputate wat die Sinode in 1994 benoem het, het slegs prof. B. Spoelstra, dr. J.H. Snyman, prof. C.J.H. Lessing en dr. P.J. Snyman hulle weg oopgesien om te dien. Gevolglik het die sekundus, ds. D. Laufs, voltyds as Deputaat gedien.

Verder het die Deputate gedurende die tyd advies geniet van brr. J.J.M. Verhoef, M.P.A. Coetsee en H. Prinsloo. Die Deputate hoop om DV aanvullende aan u name voor te lê wat as Deputate vir die volgende drie jaar kan dien.

2.3.2 Bylae A 1997: Die Deputate het riglyne opgestel oor hoe om onderskeid te maak tussen artikels wat vir die argief bestem is en dit wat vir die museum bestem is. Kyk die aangehegte Bylae A1997.

**Besluit:** Kennis geneem. Die Sinode neem met dank kennis van die werk wat die PU vir CHO doen in verband met die opgradering en instandhouding van die geboue in Burgersdorp (vgl. 2.1.1).

### **3. Die Kerkargief**

Die afgelope drie jaar is daar met groot vrug in die Kerkargief gewerk. Die inskakeling en ordening van Partikuliere Sinode- en Klassisdokumente, is sover dit ontvang is, op datum en aandag word gegee aan die insameling van ontbrekende dokumente. Hierdie versuim laat groot leemtes in die dokumenteversameling van die Argief.

Die ordening van die gemeentedokumente is ook al op 'n gevorderde stadium en inventarisse is opgestel. Die Ere-Argivaris en sy personeel verdien dank vir die goeie werk deur hulle gedoen.

Gedurende die tydperk 1993-1996 is dokumente van 23 gemeentes ontvang. Uit die totaal van 350 (304 bestaande en 46 ontbinde) gemeentes is daar nou van 239 gemeentes dokumente in die Argief. 276 van die gemeentes is ouer as 25 jaar en die Argief besit van 54 gemeentes geen dokumente nie. Gemeentes reageer swak op oproepe om dokumente na die Argief te stuur. Dit is noodsaaklik dat Klassisse deurlopend (o.a. met visitasie) aandag te gee aan kerkargiewe en die sentralisering daarvan in die Kerkargief.

Die aantal navorsers wat van die Argiefdokumente gebruik maak, het baie toegeneem en skriftelike navrae word deurlopend ontvang en afgehandel. In hierdie verband lewer die Ere-argivaris en sy personeel waardevolle diens om die Kerkargief verantwoordelik en wetenskaplik te bedryf.

**Besluit:** Kennis geneem.

### **4. Sake waaroor die Sinode moet besluit**

4.1 Die Sinode word versoek om die aangehegte Bylae A1997 goed te keur.

**Besluit:** Die Sinode neem kennis van die betrokke Bylae.

4.2 Die Sinode beklemtoon die wenslikheid dat die Argief vir die studente in Kerkgeskiedenis ontsluit word. Die wyse waarop dit

kan geskied, word na die Senaat van die TSP verwys.

**Besluit:** Goedgekeur.

4.3 Die Sinode spreek sy hartlike dank uit teenoor br. M.P.A. Coetsee vir sy ywer om die Kerkmuseum te Potchefstroom te laat funksioneer en versoek hom om op te tree as Ere-Kurator van die Kerkmuseum.

**Besluit:** Goedgekeur.

4.4 Die Sinode spreek sy hartlike dank uit teenoor ds. D. Laufs en br. H. Prinsloo vir hulle navorsing rondom Buffeldoorns.

**Besluit:** Goedgekeur met dank.

4.5 Die Sinode spreek sy hartlike dank uit teenoor die Ere-Argivaris prof. C.J.H. Lessing, en sy personeel, vir die bekwame hantering van die Kerkargief.

4.6 *Die Sinode benoem weer Deputate vir die Kerkargief en -museum met die volgende opdrag:*

4.6.1 Sorg vir die veilige bewaring, versorging en insameling van argivalia en artikels vir die Kerkmuseum.

4.6.2 Bring waar nodig, die fisiese behoeftes van die geboue vir die Kerkargief en Kerkmuseum en ander historiese geboue onder die aandag van die Administratiewe Buro.

4.6.3 Werk mee met die museum te Burgersdorp op die wyse waarop by die oprigting van die museum met die Kaaplandse Provinsiale Administrasie ooreengekom is.

4.6.4 In oorleg met die Administratiewe Buro Krugerskraal op die beste manier as historiese gedenkwaardigheid te bedryf en instand te hou.

4.7 Doen andermaal 'n ernstige beroep op predikante, kerkrade en meerdere vergaderings om sorg te dra dat argiewe wat nie meer vir naslaandoeleindes nodig is nie, onmiddellik en gereeld na die Kerkargief oorgeplaas word en dat minstens een eksemplaar van gemeenteblaaie/nuusbriewe, kerklike tydskrifte en dergelike publikasies in die Argief gedeponeer word.

**Besluit:** Punte 4.5 tot 4.7 word goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handeling).

## 5. Begroting 1997

### 5.1 Begroting vir die Kerkargief:

Indeksering	2 000.00
Salarisse	31 727.00
Skryfbehoeftes en drukwerk	2 759.00
Totaal	<u>R36 477.00</u>

### 5.2 Begroting vir die Kerkmuseum:

Skryfbehoeftes en telefoon	1 750.00
Verbruiksmateriaal	2 000.00
Reiskoste i.v.m. Burgersdorp	4 000.00
Salaris kurator en tydelike assistente	12 000.00
Onvoorsiene uitgawes	500.00
Totaal	<u>R20 500.00</u>

**Besluit:** Verwys na Finansiële Kommissie. (Die finale besluit oor die begroting is geïnkorporeer in die begroting wat deur die Finansiële Kommissie voorgelê en deur die Sinode aanvaar is vir Januarie tot Junie 1997 - Deputate Handeling.)

## C. AANVULLENDE RAPPORT DEPUTATE KERKARGIEF EN - MUSEUM

### 1. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

#### 1.1 *Die museum te Burgersdorp*

Dit is met leedwese dat die Deputate moet rapporteer dat die voortbestaan van die Burgersdorpse Kerkmuseum in sy huidige vorm baie sensitief is. Alles wat moontlik is, word egter gedoen om die status quo daar te behou en die Deputate wil hulle hartlike dank teenoor prof. B. Spoelstra betuig vir die groot werk wat hy daar doen.

#### 1.2 *Kerkmuseum te Potchefstroom*

Dit is met groot blydskap dat die Deputate rapporteer dat die Potchefstroomse Kerkmuseum op 2 Oktober 1996 sy deure vir die publiek oopgemaak het.

Die inligting oor die funksionering van die museum is per brosjure beskikbaar. Die jaarstate van die museum vind u in die Agenda:149. Die Deputate wil hulle opregte dank en waardering betuig teenoor mnr. M.P.A. Coetsee wat met sy ywer en entoesiasme die museum 'n lewende werklikheid gemaak het.

**Besluit:** Kennis geneem.

### 2. Sake waaroor die Sinode moet besluit

#### 2.1 *Opgehoopte fondse*

Die Deputate versoek die Sinode dat sy opgehoopte fondse nie van hom weggeneem word nie omdat:

- (a) Die museum het pas begin funksioneer en daar sal spoedig nog uitstalkaste benodig word.
- (b) Die oorspronklike doel met die geld begin nou te realiseer.
- (c) In die vloeibare situasie van vandag rondom kultuurbewaring, val die klem al meer op eie bekostiging en al minder op staatshulp.

#### 2.2 *Kerkhof te Buffeldoorns*

Die Deputate vra die goedkeuring van die Sinode om een keer per jaar met 'n instansie te reël om die kerkhof te gaan skoonmaak.

Daarvoor sal 'n bedrag geld nodig wees en moontlik kan die Tegniese Departement van die PU vir CHO gevra word om dit te doen.

**Besluit:** Punte 2.1 en 2.2 word vewys na die Finansiële Kommissie. (Die Sinode het blykbaar nie direk oor hierdie saak 'n besluit geneem nie. Riglyne waarvolgens begrotings van deputategroepe jaarliks deur die Bestuur van die Admin. Buro gehanteer word is neergelê in die Finansiële Rapport, G. 3.1.3 en 3.1.4 - Deputate Handelinge.)

### 2.3 *Krugerskraal*

Die Deputate het verskeie briewe ontvang o.a. van br. B.J. van der Walt en die RNG waarin gekla word oor die swak fisiese toestand van Krugerskraal. Die Deputate rapporteer soos volg:

Op 21 Mei 1994 het twee lede van die Deputate saam met 'n boukontraakteur 'n besoek gebring aan Krugerskraal insake die restourasie van 'n afgebrande rondawel wat verseker was. Daar is met die Administratiewe Buro gereël en die nodige herstelwerk is gedoen.

Intussen is die perseel gebruik as eindpunt van 'n voetslaangroep en verder het die eienaar van die aangrensende plaas 'n huurkontrak met die Administratiewe Buro opgestel teen 'n nominale bedrag van R500.00 per jaar.

Op die vergadering van 18 November 1996 het die twee bogenoemde briewe ter tafel gekom en die saak is bespreek.

Volgens die Sinodebesluit (Acta 1991:435 en Acta 1994:418) beheer die Deputate Kerkargief/-museum vir Krugerskraal, maar die fisiese versorging daarvan berus by die Administratiewe Buro wat die koste uit die Sinodale Kas verhaal.

Derhalwe het die vergadering twee lede (die Skriba en br. M.P.A. Coetsee) aangewys om die toestand van Krugerskraal onder die aandag van die Direkteur van die Administratiewe Buro te bring met die versoek dat onverwyld gereël moet word vir die opgradering van Krugerskraal.

(Die opdrag is op 19 November 1996 uitgevoer.)

Voor die versoek aan die Direkteur van die Administratiewe Buro oorgedra is, het lede van die Deputate hulle self daarvan vergewis dat daar inderdaad agteruitgang by Krugerskraal is.

**Besluit:** Goedgekeur.

## 3. Aanbevelings

### 3.1 *Kerkhof te Buffeldoorns*

Die Deputate beveel aan dat die benoemde Deputate saam met mnr. Andries Nel verder met die mynowerhede onderhandel oor die bewaring van die kerkhof aldaar.

### 3.2 *Woonhuis van die Nels*

Die Deputate beveel aan dat die benoemde Deputate besin oor die bewaring van die Nels se woonhuis te Buffeldoorns.

### 3.3 *Huis van P.J.W. Schutte*

Aangesien die onderhandelinge met die mynowerhede betreffende die huis van P.J.W. Schutte al ver gevorder is, moet die nuwe Deputate daarmee voortgaan en dit afhandel.

### 3.4 *Lede vir die benoemde Deputate*

Die Deputate wil graag aan die Sinode die volgende name deurgee ter oorweging deur die Sinode vir benoeming op die nuwe Deputategroep: ds. D. Laufs (sameroeper), dr. P.J. Snyman (skriba), prof. B. Spoelstra, brr. M.P.A. Coetsee en H. Prinsloo, 'n verteenwoordiger uit die TSV (hulle wys hom self aan), die ere-argivaris prof. C.J.H. Lessing, prof. J.M. Vorster (adviseur) en ds. N.G. Laubscher (sekundus).

**Besluit:** Die hele punt 3 word goedgekeur.

## 4. Die argief

### 4.1 *Navorsing en navrae*

In die afgelope ses maande is 'n totaal van 29 navrae ontvang. Dit sluit in genealogiese navorsing (10), doopseëls (6) en navrae oor bewys van lidmaatskap (3) en navrae van algemene aard (10).

Persone wat hulle eie navorsing by die Argief kom doen het, is gehelp en van die nodige dokumente voorsien.

### 4.2 *Bedankingsbriewe*

Van 6 gemeentes is argivalia ontvang en bedankingsbriewe is daarvoor geskryf.

### 4.3 *Meerdere vergaderings*

Van die Partikuliere Sinodes en Klassisse is 25 resente dokumente ontvang en dadelik ingeskakel.

### 4.4 *Kerkrade*

Die dokumente van 27 gemeentes is oorgewerk, bygewerk of ingeskakel. Van 5 gemeentes is nuwe argivalia ontvang en voorlopig georden.

### 4.5 *Algemeen*

Gemeente- en Klassisblaaie is op gereelde basis ontvang en ingeskakel. Dit geld ook die Kerklike Tydskrifte.

Tyd word ook gespandeer om dr. D. Kempff te help met die identifisering van persone op foto's en die korrekte aanbring van nommers.

**Besluit:** Kennis geneem van punt 4.